

Die Seun: Ons Leidsman tot verlossing (OP79)

Heb 2:5-13

6 Maart 2022

Laasweek het ons na Heb 2:1-4 gekyk. In hierdie verse is daar 'n ernstige en dringende oproep aan gelowiges dat hulle soveel kragtiger moet vasgryp aan dit wat hulle gehoor het. Wat is dit wat hulle gehoor het? Dit is daardie groot waarhede oor die verhewendheid van die Seun soos wat dit in Heb 1 beskryf is en soos wat dit uitwerk in die groot saligheid wat vir gelowiges voorberei is. Ons het na 5 redes gekyk waarom hierdie oproep so dringend was: (1) 'n groot saligheid is ter sprake, (2) die groot saligheid wys hoe groot God is wat dit bewerk, (3) dit sal voorkom dat ons nie wegdryf van die saligheid nie, (4) die Woord wat deur die Seun verkondig is oor die groot saligheid is bindend, en (5) die groot saligheid staan absoluut vas – die profete het daarvan getuig, die Seun het daarvan getuig, die Heilige Gees het daarvan getuig, die apostels het daarvan getuig en God het daarvan getuig deur tekens, wonders, kragtige dade en gawes van die Heilige Gees.

Vandag staan ons stil by Heb 2:5-13. Ek wil hierdie gedeelte oordink onder die tema: Die Seun is ons Leidsman tot ons verlossing – vers 10 beskryf die Seun as ons Leidsman in die NAV. Die OAV beskryf Hom as die Bewerker, die NIV as die “Pioneer”, en die ESV as die “Founder” van ons verlossing.

Soos wat ons ook laasweek gesien het, was Heb 2:1-4 'n onderbreking van die argument waarmee die skrywer besig was in Heb 1, en daardie argument word nou voortgesit vanaf Heb 2:5. In die OAV begin vers 5 met die woordjie “want”. In Heb 1:14 het ons geleer dat die engele dienende geeste is wat deur God uitgestuur word om diegene wat die saligheid gaan erf, te dien. Die punt in Heb 2:5 is dus: Die engele is geeste wat deur God uitgestuur word om die gelowiges te dien (Heb 1:14), want dit is nie aan engele wat God die toekomstige wêreld onderwerp het nie. Ons het twee weke terug ook die opmerking gemaak: die feit dat die engele dienende geeste is beteken o.a. dat hulle nie heersende geeste is nie – en dit is wat Heb 2:5 nou onderstreep. Dit gaan nie die engele wees wat oor die toekomstige wêreld gaan heers nie.

In Heb 2:5-13 antisipeer die Hebreërskrywer 'n moontlike beswaar wat deur die Jode, of selfs deur sy lesers, geopper mag word. Hulle mag redeneer: Ons hoor – die Seun is meer verhewe as die engele. Ons hoor ook dat eventueel die gelowiges selfs meer verhewe sal wees as die engele (want die engele dien die gelowiges). Maar, op die oomblik is daar 'n sekere sin waarin die engele tog meer verhewe is as die mense – hulle is byvoorbeeld onsterflik en sonder sonde. As Heb 1 nou redeneer die Seun het mens geword, beteken die feit dat Hy mens geword het dan nie dat Hy ook minder verhewe geword het as die engele nie? Immers, Hy het nie net mens geword nie, Hy het boonop nog gesterf ook – iets wat die engele nie doen nie. Is dit werklik so dat die Seun meer verhewe is as die engele? Hef Sy vernedering toe Hy mens geword het, nie Sy verhewendheid op nie? Die doel met verse 5-13 is om aan te toon dat dit nie die geval is nie.

Ek wil graag die gedeelte op die volgende manier hanteer: Ek wil eers deur die verse werk soos hulle hier vir ons opgeskryf is om sodoende vertrouwd te raak met die inhoud van die verse. Daarna wil ek terugstaan om seker te maak ons verstaan die redenasie van die skrywer.

Kom ons begin met vers 5. Soos wat ons nou alreeds gesien het, is die punt van die vers dat die engele dienende geeste is, en nie heersende geeste nie. Selfs in die toekoms gaan daar nooit 'n punt wees waar die engele gaan heers nie, die wêreld gaan nooit aan hulle onderwerp word nie. Nee, hulle is geeste wat dien, en dit is wat hulle altyd sal bly. Kom ons besin oor wat die betekenis is van die uitdrukking “die toekomstige wêreld”. Kommentatore is dit redelik eens dat dit verwys na die

toekoms wanneer die gelowiges die saligheid gaan beërwe (Heb 1:14), m.a.w. dat dit verwys na die nuwe hemel en aarde, oftewel na die hemelse Jerusalem. Maar kommentatore redeneer egter ook dat dit waarskynlik meer insluit – dat dit ook verwys na die feit dat gelowiges alreeds voor daardie tyd alreeds iets beleef van daardie periode. Gelowiges groei alreeds in heiligheid op pad na daardie finale heerlijkheid, gelowiges beleef alreeds iets van die vreugde van hulle verlossing en bring alreeds lof en eer aan die Here daarvoor. Hoe dit ook al sy, die punt is dat die engele nie nou nie, ook nie op pad na die nuwe hemel en aarde nie, en ook nie in die nuwe hemel en aarde gaan heers nie.

Vers 6 begin met die woordjie “intendeel” (NAV) of “maar” (OAV). Die volgende paar verse gaan vir ons vertel wie wel gaan heers, as dit dan nie die engele is nie. Vers 6 sê: iemand het êrens getuig. Dit beteken nie dat ons nie weet wie die dit is wat getuig het nie. Kom ons lees vers 6b-8. Ek vertrou dit is duidelik wie dit is wat getuig het – hierdie verse is ‘n aanhaling uit Ps 8:5-7. Ps 8 is ‘n psalm wat deur Dawid geskryf is. Die iemand wat êrens getuig het, is Dawid wat in Ps 8 getuig het. Kom ons kyk kortliks na Ps 8. In verse 2 en 10 is dit duidelik dat Dawid in verwondering is voor die Here. Hy is onder die indruk van hoe wonderbaar of heerlijk die Naam van die Here is. Hy is in verwondering oor die heerlijkheid van die Here omdat hy na die skepping kyk – lees verse 2-4. Hy erken die skepping is die Here s’n, want die Here het dit gemaak. Hy staan in verwondering voor die hemelruim – met die maan en miljoene sterre – en tog het elkeen sy plek, die plek wat die Here vir elkeen gegee het. Dawid verwonder hom daarvoor dat selfs kinders en suigeling in verwondering hieroor is, en selfs die vyande van die Here word tot stilsweye gedwing – want al wil hulle dit nie erken nie, is die werk van die Here in die skepping absoluut verstommend.

En dan kom verse 5-7 – dit is die verse wat in Heb 2 aangehaal word. Dawid se verwondering gaan verder. As hy so onder die indruk is van die heerlijkheid van die skepping, en dus ook oor die heerlijkheid van God, dan vra hy: In vergelyking hiermee: “Wat is die mens?” In vergelyking hiermee lyk die mens so nietig en klein, so weglaatbaar klein. En nou kom die verstommende: Al is die mens oënskynlik so klein en nietig: God dink aan hom! Nie net dink God aan hom nie, God sien om na die mens (NIV: God cares for him). Nie net dink God aan die mens en sien om na die mens nie, nee, God het die mens net ‘n bietjie minder as ‘n hemelse wese gemaak. Twee opmerkings: (1) die “hemelse wese” word in Hebreërs vertaal met “engele”, (2) “bietjie minder” kan óf beteken ‘n bietjie laer (m.a.w. bietjie laer in rang), óf dit kan beteken vir ‘n tydjie (m.a.w. vir ‘n periode). Kan ons dit so saamvat: Nie net dink God aan die mens nie, nie net sien God na die mens om nie, God het boonop die mens net vir ‘n kort tydjie bietjie minder verhewe as die engele gemaak! Trouens, dit gaan nog verder: God het hierdie oënskynlik nietige mens met aansien en eer (OAV: eer en heerlijkheid) gekroon. God laat hierdie oënskynlik nietige mens heers oor Sy werk – God onderwerp alles aan hierdie mens! Ps 8:7-9 sê: Alles – skape en beeste, alles, selfs die diere in die veld, die voëls in die lug, die visse in die see. Heb 2:8 sê: Niks is uitgesluit nie, alles is aan die mens onderwerp! Sien jy die punt van die Hebreërskrywer? Dit is nie engele wat heers nie. Nee, dit is die mens. Dit is die mens wat tydens die skepping geskape is na God se beeld. In Gen 1:26 lees ons God het die mens na Sy beeld geskape sodat hy kan heers. Dit was God se bedoeling van die begin af dat die mens moet heers oor hierdie wêreld. Dit is hoekom Hy na God se beeld geskape is – sodat hy kan heers. Hy is die kroon van die skepping – nie die engele nie!

Maar daar is egter ‘n probleem – en dit is die probleem wat in Heb 2:8b gestel word: Ons sien dit nie! Ons sien nie dat alles aan die mens onderwerp is nie. Ons sien nie dat die mens oor alles heers nie. In Suid Afrika is ons maar te bewus van die gevolge van ‘n gebrek aan dienslewering – plaaslike owerhede wat moet heers, kom nie hulle verantwoordelikhede na nie, en die resultaat is gebrekkige voorsiening van water, elektrisiteit, sanitasie en noem maar op. Maar dit strek verder: as dit waar is dat die mens heers, hoekom is daar soveel uitbuiting wat plaasvind? Uitbuiting van medemense, van

armes, van siekes, van oues, uitbuiting van natuurlike hulpbronne. Ons sien net eenvoudig nie dat die mens heers oor alles in die skepping nie, ook nie oor die verwickelinge in die geskiedenis nie. Kyk maar net wat op die oomblik in Oekraïene gebeur. Dit lyk eerder of sonde heers. Dit lyk of die Satan heers. Trouens, hoe rym dit dat die mens oor alles heers – en tog sterf alle mense? Beteken dit dan nie dat die dood oor mense heers nie? Heers die mens regtig?

Dan kom vers 9 met die belangrike perspektief: “Maar ons sien Jesus”! Let op, hier word pertinent gesê ons sien “Jesus”. Jesus is die naam wat aan die Seun gegee is toe Hy as mens gebore is. Ons moet dus spesifiek Sy mensheid hier raaksien. Natuurlik is “Jesus” ook die “Saligmaker”. Die punt van die skrywer is dus alhoewel ons nie raaksien dat die mens oor alles heers nie, sien ons wel ‘n ander Mens – dit is die Mens Jesus, die Saligmaker. Dit is daardie Mens wat die skrywer in Heb 1 beskryf het as so verhewe. Toe Hy mens geword het, het Hy Homself egter verneder – want Hy was vantevore en nog altyd God. Hy het Hom egter verneder sodat Hy aarde toe kon kom, en hier op aarde het Hy Hom geassosieer met die mense. Die feit dat Hy aan die ander mense gelyk geword het, en siende dat hulle vir ‘n kort tydjie minder as die engele gemaak is, beteken dus noodwendig dat Hy ook vir ‘n kort tydjie minder as die engele gemaak moes word – en dit is wat ons lees in Heb2:9.

Maar wat was die dryfveer agter Sy koms na die aarde toe as mens? Die dryfveer is waarvan ons in Ps 8 gelees het: God dink aan die mens, God sien om na die mens. Lees vers 9. Vers 9 beskryf dit as: God bewys genade aan die mens. As gevolg van die mens se sondigheid en dus sy onvermoë om effektief te heers – stuur God uit genade die Seun as mens. Dit beteken Hy word vir ‘n tydjie minder heerlik, selfs minder heerlik as die engele. Maar Hy kom met die doel om te ly en te sterf. En ons weet Hy het gely en selfs gesterf terwyl Hy op aarde was – die resultaat daarvan was egter dat Hy op grond van Sy lyding en sterwe gekroon is met eer en heerlikheid! Onthou jy Ps 8? Die mens is met eer en heerlikheid gekroon. Maar ons het gesê: ja, maar ons sien dit nie! Wat vers 9 vir ons sê is: Ja, dit mag so wees. Maar sien dan die ander Mens, die ander Mens as verteenwoordigende Mens: Deur die genade van God het Hy mens geword, vir ‘n kort tydjie minder as die engele, om te ly en selfs te sterf – en op grond van Sy lyde en sterwe is Hy nou met eer en heerlikheid gekroon! En soos wat ons al uit Heb 1 gesien het – Hy sit nou aan die regterhand van die Vader in heerlikheid en Hy heers vandaar af – oor alles, en Hy doen dit effektief – soos wat God se doel met die mens was van die begin af, maar wat die sondige mens nie tans effektief doen nie.

Dit bring ons by vers 10. Lees vers Heb 1:10. Hierdie is ‘n verstommende vers: Natuurlik is God die Skepper – Hy is die Skepper van alles, alles het dus deur Hom ontstaan. Maar Hy het ook die skepping geskep vir Sy doel, vir Homself – alles bestaan en is geskep ter wille van Hom. Wat is dit wat God in en met die skepping wou bereik? Hy wou baie as Sy kinders tot heerlikheid lei. Nou kan ons begin verstaan hoekom die mens die kroon van die skepping is – die skepping is daar sodat Hy baie mense tot heerlikheid kan lei. Dit is hoekom die mens na God se beeld geskape is – want God is heerlik, en Hy wil baie mense na heerlikheid lei. As hulle effektief oor Sy heerlike skepping kan heers, sal God se doel met alles bereik wees. Maar omdat die mens dit nie effektief doen nie, daarom het Hy iemand gestuur om hulle te help. Daardie “Iemand” is hulle “Leidsman tot verlossing”, dit is die Seun wat mens geword het. Hy is hulle Leidsman of hulle Pionier. Hy is die Een wat die pad vir hulle oopveg sodat hulle agter Hom aan kan kom. Hy loop voor, Hy neem die leiding. Hy bewerk die verlossing. En dan kan die ander mense Hom volg. As Leidsman stry Hy die pad oop, en daarna gaan sit Hy in heerlikheid aan die regterhand van die Vader van waar Hy oor alles heers. Sy volgelinge kan Hom dan volg en ook in heerlikheid eindig, en saam met Hom heers – soos wat God se doel in Gen 1 alreeds bekend gemaak is, en soos wat ons in Op 3:21 lees dit eventueel sal realiseer: Elkeen wat die

oorwinning behaal, sal Ek saam met My op My troon laat sit, net soos Ek ook die oorwinning behaal het en saam met My Vader op Sy troon gaan sit het.

Maar let op: God het die Leidsman na die verlossing deur lyding heen gebring by volmaaktheid. Beteken dit dat die Seun voor Sy menswording en lyding nie volmaak was nie? Natuurlik nie, Hy was immers nog altyd God, en by God is daar geen sonde nie. In watter opsig het sy lyding dan aanleiding gegee daartoe dat Hy volmaak geword het? Daar is 'n paar maniere waarop ons hierna kan kyk:

- Hy het Sy volmaaktheid gedemonstreer deurdat Hy volmaak gehoorsaam was aan die wil van Sy Vader, selfs tot in die dood. Dit beteken nie dat Hy nie daarvoor gehoorsaam was aan die wil van Sy Vader nie, maar nou was dit gedemonstreer tydens Sy vernedering en deur Sy dood.
- Hy het deur Sy lyding gedemonstreer dat Hy Hom volmaak geassosieer met die mense vir wie Hy gely het. Dit beteken nie dat Hy Hom nie alreeds daarvoor met hulle nood geassosieer het nie, maar nou was dit gedemonstreer.
- Hy het die volmaakte Verlosser geword net deurdat Hy die volmaakte prys betaal het tydens Sy lyding. Voor Sy lyding was dit die plan dat Hy die volmaakte Verlosser sou word, maar deur Sy lyding het dit die realiteit geword – Hy is nou die volmaakte Verlosser!

In Heb 2:11-13 leer ons wat die resultaat is van die werk van ons Leidsman. Vers 11 leer dat die Een wat heilig maak (dit is natuurlik die Seun, dit is die Leidsman) sowel as die mense wat geheilig word (dit is natuurlik die gelowiges, die mense wat hulle vertrou in Hom stel as hulle Leidsman) is almal uit een Vader (NAV). Verskillende vertalings vertaal dit verskillend: OAV/DAV: uit Een, NIV: of the same family, ESV: have one source. Ek glo die beginsel is duidelik: die Leidsman en die wat Hy lei, is een. Onthou jy die gebed van hierdie Leidsman op die vooraand van Sy lyding in Joh 17:20-23? Hy het gebid dat al hierdie mense een mag wees – dat hierdie mense een kan wees selfs met Hom en Sy Vader – volkome een in heerlijkheid. Vers 11 voeg by dat hierdie Leidsman nie skaam is om hulle Sy broers te noem nie. Trouens, in vers 10 het ons al gelees dat God hulle as Sy kinders tot heerlijkheid wil lei. Hierdie Leidsman lei die kinders van Sy Vader, Hy lei Sy broers. Jy kan sien hoekom die NIV sê hulle is uit een familie.

In vers 12 kry ons weer 'n aanhaling – hierdie keer 'n aanhaling van Ps 22:23 (lees veral die OAV). Ps 22 is natuurlik weereens 'n Messiaanse psalm. In hierdie psalm lees ons van die worsteling van die Messias, d.w.s. die Leidsman, in Sy lyding. Ons lees byvoorbeeld in vers 2 dat Hy uitroep: My God, My God, waarom het U my verlaat. In vers 19 lees ons dat hulle Sy klere onder mekaar verdeel het en lootjies getrek het oor Sy mantel. In die psalm worstel Hy voortdurend met die Here oor Sy lyding. En dan in vers 23: Ek wil U Naam aan my broers vertel, in die vergadering U prys! Dit is hoekom Hy dit gedoen: Sodat Hy Sy Vader kan prys, en Sy broers van Sy Vader kan vertel.

Verse 13 volg dit op met twee aanhalings uit Jes 8:17 en 18. Die inhoud is soortgelyk aan die aanhaling in vers 12. Hy, die Leidsman, onderneem om steeds op die Vader te vertrou. En Hy is een met die kinders van God.

Dit is die inhoud van Heb 2:5-13.

Opsommend

Kom ons staan nou terug en dink oor die argument van die Hebreërskrywer.

Ons het aan die begin gesien die skrywer spreek 'n moontlike argument aan in hierdie verse. Al is dit duidelik uit Heb 1 dat die Seun verhewe is bo die engele, is dit nie ook so dat as Hy werklik mens geword het, moet dit impliseer dat Hy minder as die engele moet wees nie? Immers is mense tans

minder as die engele. Die antwoord hierop is die volgende: Ja, die Seun is verhewe bo die engele. Ja, dit is so dat Hy mens geword het. Ja, dit is so, Hy het heeltemal mens geword. En soos wat die mense tans minder as die engele is, so is dit waar dat Hy ook minder as die engele geword het – maar net vir 'n kort tydjie! Na Sy lyding is Hy weer verhoog en met eer en heerlijkheid gekroon – en sedertdien is Hy weer meer verhewe as die engele.

Maar kom ons staan nog verder terug en probeer die prentjie verstaan wat uit hierdie verse na vore kom: In die begin het God geskep. Hy het alles geskep – letterlik alles. Hy het dit deur Sy Seun geskep. Maar Hy het dit alles vir Homself geskep. Hy het dit geskep met die doel dat Hy in hierdie skepping baie as Sy kinders tot heerlijkheid kan lei. Dit is hoekom die mens die kroon van God se skepping is – want God het 'n spesifieke doel wat Hy met hulle wou bereik – Hy wil hulle as Sy kinders na heerlijkheid lei. Dit was die verhewe doel wat Hy met mense gehad het van die begin af. Hy het hulle na Sy beeld geskep – sodat hulle Sy heerlijkheid kan weerspieël. Daarom het Hy hulle met eer en heerlijkheid gekroon. Hy het nie hierdie verhewe doel met die engele gehad nie. Alhoewel hulle indrukwekkende wesens was, was God se doel met die mense dat hulle meer verhewe sal eindig as die engele. Ja, hulle was aanvanklik minder heerlik as die engele, maar die engele was daar om hulle te dien. En God se einddoel is dat die mense meer verhewe sal eindig as die engele.

Die probleem is dat die mense nie God se doel nagejaag het nie. Hulle wou self soos God wees, hulle het agter die duiwel aangeloop i.p.v. agter God aan, hulle het God se heerlike skepping misbruik. Maar God is genadig. Hy adresseer die situasie deurdat Hy Sy Seun stuur as mens na hierdie aarde toe. Die Seun word volkome mens. Vir 'n kort tydjie is ook Hy selfs minder as die engele. Maar Hy kom met 'n doel. Hy kom om te ly in die plek van die sondaarmense wat God se doel met hulle mis. Hy leef gehoorsaam, en is gehoorsaam tot in die dood. So word Hy die volmaakte Verlosser – Hy is volmaak gehoorsaam aan Sy Vader se wil, Hy is ook volmaak mens en kan dus in beginsel vir hulle tekortkominge versoening doen, en dan bring Hy die volmaakte offer. Omdat Hy dit gedoen het, word Hy met eer en heerlijkheid gekroon – soos die mense met eer en heerlijkheid gekroon is. Maar Sy heerlijkheid is dieselfde heerlijkheid wat Hy by die Vader gehad het voor Sy koms na die aarde toe. Omdat Hy met hierdie eer en heerlijkheid gekroon is, word Hy verhoog tot aan die regterhand van die Vader waar Hy op die troon sit en heers. Hy sit ook daar as Mens. Dit was die mens wat God aangestel het om te heers oor alles in Sy skepping. Nou is daar die Mens Jesus op die troon en Hy heers oor alles. Hy het hierdie pad oopgeveg deur Sy lyding heen, deur daardie worsteling waarvan ons geleer het wat Hy as mens tydens Sy lyding ervaar het – totdat Hy verhoog is en heers. In die proses het Hy die pad oopgeveg vir Sy broers – soos 'n ouer broer wat vir sy jonger broer die pad oopveg – Hy is sy broers se Leidsman! Hy het Hom so vereenselwig met hulle, dat, al is Hy God, Hy nie skaam is om hulle Sy broers te noem nie. Hulle is nou ook kinders van Sy Vader. En eendag gaan Hy terugkom – dan gaan Hy hulle kom haal. Dan gaan hulle ook deel in daardie heerlijkheid wat Hy het – want onthou hulle is ook met eer en heerlijkheid gekroon. Dan gaan hulle saam met Hom op die troon sit in heerlijkheid – soos wat God se wil was reg van die begin van die skepping af. Dan gaan hulle ook meer verhewe wees as die engele – soos wat hulle Leidsman alreeds is (en ook was voor daardie kort tydjie wat Hy minder as die engele was). Dan is hulle, saam met hulle Leidsman, en die Vader, een!

Staan jy verstom voor die feit dat die Leidsman van jou verlossing vir jou die pad oopgeveg het sodat God Sy skeppingsdoel met jou sal bereik? Siende dat Hy reeds hierdie pad oopgeveg het, siende dat Hy nou besig is om jou na heiligheid te lei deur Sy Heilige Gees, is die redelike ding tog sekerlik dat jy, en ek, nou alreeds met verantwoordelikheid sal heers – heers oor jou persoonlike lewe, omsien na die lewens van jou mede-broers, heers in hierdie skepping, heers waar jy ook al in hierdie wêreld

beweeg. As jou Leidsman Hom nie skaam om jou Sy broer te noem nie, sal jy jou tog sekerlik ook nie skaam om Hom jou Leidsman te noem nie? Immers, iemand wat heers, is tog iemand wat standpunt kan inneem – veral as hy weet hy het die reg aan sy kant, en hy het die ondersteuning van sy seniors – in hierdie geval sy Leidsman tot die saligheid.

Mag ons met vrymoedigheid ons Leidsman volg.